Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

# O.B.

5de Jrg. Kaapstad, Woensdag, 30 Jan. 1946. No. 10.

# Sowjet Sku Vir Soeklig Op Sy Bedrywighede

**Rusland is baie sku dat die soeklig van die Verenigde Volke se Veiligheidsraad op sy bedrywighede in Persië (Irak) moet val. Die saak is verlede week te berde gebring deur 'n versoek van die Persiese regering dat die Veiligheidsraad die inmenging van Rusland in sy binnelandse aangeleenthede onder die oë moet sien.**

**In 'n poging om die voorstel te laat skipbreuk ly, het die Sowjet-afvaardiging voorgestel dat die raad dan ook die aanwesigheid van Britse troepe in Griekeland behandel, terwyl een van die Sowjet se kleintjies, die Ukraïniese afvaardiging voorgestel het dat die vraagstuk van Indonesië ook onder die lig kom.**

Die eerste reaksie op hierdie Russiese „bom" was om die hele aangeleentheid uit te stel vir 'n volgende sitting in April, „aangesien die Veiligheidsraad as nog te jonk beskou word om sulke gewigtige sake te behandel!

Van Britse kant het egter sterk verset gekom teen sodanige uitstel, omdat gevoel word dat Brittanje se eer op die spel is, en 'n geweldige agitasie om sake tot 'n punt te bring het in die Britse pers gevolg. Die Mail het Rusland beskuldig van „politieke afpersing" in 'n poging om sy eie bedrywighede in Persië in die skaduwee te hou.

**Toe die saak verlede Vrydag deur die Veiligheidsraad bespreek is, het die Russiese afvaardiging bekend gemaak dat hulle opdrag uit Moskou ontvang het om te verhoed dat die saak onder bespreking kom. Bevin, Britse Minister van buitelandse sake, het hierop skerp gereageer: „Ek is moeg van die beskuldigings van die Russiese regering," het hy gesê en voorgestel dat alles op die lappe gebring word, ook die kwessie van Griekeland en Indonesië. Onthou sal word dat die aanwesigheid van Britse troepe in Griekeland die gevolg is van 'n gewapende poging van die Kommuniste om die staat oor te neem. Indertyd het Churchill hulle om diplomatieke redes „Trotskyiste" genoem.**

Die houding van Rusland is dat die Persiese aangeleentheid deur middel van onderhandelings tussen Rusland en Persië opgelos moet word, en dat dit geen saak vir die Veiligheidsraad is nie.

Bevin het in verband hiermee gesê: „Dit is 'n fout as 'n regering wat meen dat hy 'n klag teen 'n ander moondheid, klein of groot, in te dien het, nie na hierdie raad kan kom om sy saak voor te lê nie."

Die raad het uiteindelik besluit om die drie klagtes wel op sy vergadering Maandagmiddag te bespreek. Aan die Griekse en Persiese regerings, hoewel nie lid van die raad nie, is vergunning verleen om teenwoordig te wees.

# Groot Geesdrif Vir Offisierslaertrek

**Buitengewone geesdrif heers in alle dele van die land vir die groot offisierslaer wat op 7 en 8 Februarie te Bloemfontein gehou word. Na die Gebiedskantoor aldaar berig, het tot verlede week reeds om en by 'n agthonderd persone aansoek gedoen om verblyfplek. So groot is die toeloop dat alle hotelle en losieplekke reeds vol bespreek is. Daar is gevolglik besluit om 'n tentelaer op te slaan waar 'n paar honderd persone sal kan slaap. Vir die doel word veral op Vrystaatse offisiere onder vyftig jaar 'n beroep gedoen om komberse saam te bring. Vir ouer offisiere en vroue sal in openbare losiesplekke en privaat huise plek gevind word.**

**Die laertrekking sal voorafgegaan word deur 'n vergadering van die Grootraad wat al op 5 Februarie 'n aanvang neem.**

**Daar word allerweë gevoel dat hierdie Uniale byeenkoms van offisiere 'n uiters belangrike gebeurtenis is wat moontlik verreikende gevolge vir die Beweging sowel as die volk kan hê.**

**Die Gebiedskantoor in Bloemfontein deel mee dat verversings aan laergangers verskaf sal word, maar dat hulle versoek word om hul eie koppies of bekers saam te bring.**

## Nuwe Leier?

Die Cape Times se parlementêre verteenwoordiger berig dat mnr. J. G. Strydom van Transvaal aangewys is as die opvolger van dr. Malan in geval laasgenoemde besluit om uit die politiek te tree. Die berig voeg by dat hoewel dit onseker is wanneer dr. Malan sal uittree — hy is tans 73 jaar oud — sommige lede uit sy eie party openlik kritiek uitgeoefen het op die lompe wyse waarop hy sy wantroue-mosie gehanteer het.

## Reëlings Vir Laertrek

**Die offisierslaer te Bloemfontein open om tien-uur Donderdag, 7 Februarie, in die Stadsaal. Alle wagoffisiere wat die laertrekking bywoon, word versoek om reeds om 9.30 by die stadsaal te rapporteer.**

**Persone wat inligting moet verkry aangaande losiesreëlings, en dit nie langs 'n ander weg kan doen nie, moet navraag doen by die Gebiedshoofkwartier, Posbus 668, Bloemfontein. Telefoon 623. Aangesien die toeloop by die hoofkwartier onbeheerbaar sal wees as alle persone hulle daar aanmeld, moet offisiere wat enigsins daartoe in staat is, liefs dit vermy om daarheen vir hulp te gaan, en hulself sover moontlik probeer help.**

# Kou Harde Bene Hierdie Week



Die Verenigde Volke se Veiligheidsraad in sitting. Links in die hoek by die tafel leun Britse minister Bevin skuins agteroor. Regs langs hom (met die wit kop) sit Amerika se Stettinius en links van hom sit die Russiese hoofafgevaardigde Gromryko.

## Russe Eis Japanse Eiland

Rusland het aanspraak gemaak op die Koerile-eilande en die suidelike deel van Sagholin, berig Sapa-Reuter Sondag uit Londen.

Die Russe beweer dat Churchill en Roosevelt hierdie gebiede in 'n geheime klousule van die Yalta-ooreenkoms aan Rusland toegesê het.

Die Angelsaksers ontken dit ten sterkste.

## Groot Aantal Navrae by O.B.

**'n Buitengewone groot aantal navrae in verband met die uitslae van die matrikulasie-eksamens het gevolg op Die O.B. se aankondiging dat hy uitslae per telefoon bekend sal maak aan persone wat daarom vra. Telegramme en oproepe is feitlik onafgebroke dwarsdeur die dag ontvang uit baie dele van Kaapland.**

## Oorlog in Sjina

Hoewel die oorlog in Sjina amptelik reeds op 13 Januarie volgens die Russiese opperbevel gestaak moes word, duur die gevegte nog steeds voort.

Volgens die ooreenkoms moes albei kante twintig myl terugtrek. Nadat die Sjinese troepe teruggetrek het in die Peking-sektor, het die Kommuniste in weerwil van die ooreenkoms die gebied beset.

TROUE DIENS WEK VERTROUE ....

IN 1935 HET VOLKSKAS IN TWEE VERSKUILDE KAMERTJIES IN PRETORIA KLEIN EN BESKEIE 'N AANVANG GEMAAK MET BESIGHEID. SEDERTDIEN HET VOLKSKAS UITGEGROEI TOT 'N HANDELSBANK MET UITGEBREIDE TAKSTELSEL EN LANDSWYE SAKEOMVANG, EN WORD ALLE GEBRUIKLIKE BANKDIENSTE BESKIKBAAR GESTEL. HIERDIE VORDERING EN UITBREIDING KAN ONGETWYFELD TOEGESKRYF WORD AAN DIE GROOT PUBLIEKE VERTROUE WAT DIE BANK STEEDS GENIET — 'N VERTROUE WAT OP SY BEURT TE DANKE IS AAN DIE TROUE DIENS EN DIENSGEWILLIGHEID WAARVOOR DIE BANK REEDS LANK BEKEND IS.

DIE HOOFKANTOOR EN ALLE TAKKE VAN VOLKSKAS BEANTWOORD GRAAG NAVRAE OOR DIE BANK SE DIENSTE.

VOLKSKAS BEPERK

| | |
|---|---|
| GEMAGTIGDE KAPITAAL | £1,000,000 |
| INGESKREWE KAPITAAL | £1,000,000 |
| GESTORTE KAPITAAL | £ 771,355 |

ARBEIDSAAMHEID

[illegible] SE BANK.

HOOFKANTOOR: PRETORIA.

# Ierland Het Ryk Geword Uit Onsydigheid

**„Hoewel Ierland onsydig was, het hy heelwat by die oorlog gebaat. Alles is gunstig vir Ierland se beplande ekonomiese ontwikkeling", het De Valera onlangs verklaar toe hy die voordele wat Ierland uit sy neutrale houding behaal het, opgesom het.**

**Ierland is steeds besig om groter sterlingreserwes op te bou sodat sy opgehoopte koopkrag 'n buitengewone omvang aangeneem het. In terme van sterling is Ierland die sterkste skuldeiser-land in die wêreld.**

**Die waarde van sy produksie het gedurende die oorlogsjare met 100 persent toegeneem. Sy bate in Londen het meer as verdubbel.**

Suid-Afrika kon in dieselfde bevoorregte posisie gewees het as ons nie moes meehelp om 'n Russiese oorwinning te bestendig nie.

Aan die publiek van Suid-Afrika is die storie opgedis dat indien ons onsydig sou bly, ons handel daardeur benadeel sou word en ons ekonomiese ontwikkeling ten gronde sou gaan. Tans sit die Unie met meer as £500 miljoen oorlogskuld en Ierland sit as skuldeiser.

In Ierand het die oorlogsaanblasers van Suid-Afrika 'n sprekende weerlegging van hul oorlogsvoorwendsels.

# Moderne Galeislawe Van Duitsers

**Na die bekendmaking deur 'n Britse geleerde dat Duitse wetenskaplikes die deurslag gegee het in die ontwikkeling van die Russiese atoombom, word berig dat die Russe besig is om Duitsland te stroop van alle wetenskaplikes en hulle te ontvoer na die Swartsee waar hulle navorsing moet doen vir die versekering van die Russiese toekoms.**

**Aan hierdie „brein-plundering" neem Amerika ook deel. Reeds pas na die afloop van die oorlog is 250 Duitse wetenskaplikes gekaap en na die V.S.A. verwyder om daar navorsingswerk te doen „tot hulle nie meer gebruik kan word nie."**

Die veroweraars koester blykbaar groot ontsag vir die Duitse brein, daarom ag hulle dit nie raadsaam om die manne in Duitsland te laat bly nie, maar word hulle gevanklik weggevoer om wetenskaplike slawearbeid te gaan doen in belang van die oorgeblewe grootmoondhede se magspolitiek. **Dit word natuurlik beskou as 'n groot verbetering op die middeleeuse stelsel van galeislawe wat oorlogsvaartuie moes roei — noudat oorlog 'n saak vir die wetenskap geword het.**

*Vir Deftige Tabberds Twee-stuk Rokke en Somerhoede*

**Kom seker eers na**

Steyns

**DIE DAMES-WINKEL PAROW**

5 PERSENT

**Belê u Gelde waar dit veilig is!**
**SPOORBONDKAS BEPERK**

Bied aan winsgewende Beleggings teen die
**HOOGSTE RENTEKOERSE**
Beleggings word gewaarborg en verdien die volgende Rentes:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vaste | Deposito | vir | 1 | jaar: | 3 % |
| „ | „ | „ | 2 | „ | 3½ % |
| „ | „ | „ | 3 | „ | 4 % |
| „ | „ | „ | 4 | „ | 4½ % |
| „ | „ | „ | 5 | „ | 5 % |

Doen aansoek by:—
Posbus 8289, JOHANNESBURG.
Posbus 1860, KAAPSTAD.
Posbus 118, BLOEMFONTEIN.

GOEIE NUUS

SANLAM kondig met genoeë aan dat sy Bonus vanjaar verklaar is teen die vooroorlogse tarief van

£2%

(Jaarliks Saamgesteld)

SANLAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.

HOOFKANTOOR, WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

# Unie Moet Betaal Vir Stad se Boikot

## *Mening uit Hoofstad Oor V.S.A.-Rekening*

**Ons lesers sal hulle goed herinner hoe die Jode en die jingo's voor die oorlog twee vlieë met een klap geslaan het met die kreet „Buy British". Aan die een kant het hulle die gehate Duitsers van die mark af weggehou en aan die ander kant het hulle duurder Britse ware in staat gestel om met minder dure Duitse ware te wedywer.**

**Groot stadsrade, wat met ander mense se geld werk, het konsekwent die Duitse tenders van die hand gewys waar hulle enigsins 'n Britse tender kon aanvaar, al het die Britse tender die ander — so nie in kwaliteit dan in elk geval in prys — oortref.**

Die spel het lekker gegaan solank as dit teen die Duitsers gemik was. Die feit dat ons destyds met Duitsland 'n ruilhandelooreenkoms gehad het en dat elke pond wat ons minder van hulle koop, met rekenkundige sekerheid beteken dat hulle 'n pond minder van ons wolboere se produkte kon neem . . . dit alles het die menere wat die Duitsers wou boikot en die Britte wou bevoordeel nie die minste hoofbrekens besorg nie.

**AANGESPREEK**

Maar 'n teken van die veranderde magsverhoudings van die Britte en hul trawante — ook in Suid-Afrika — blyk uit die onlangse kennisgewing van die Verenigde State dat die Unie sy „lend-lease"-verpligting sal moet nakom. In die pers is die bedrag van £75 miljoen genoem, wat egter deur die regering ontken word — en dit nadat die regering ons verseker het dat daardie lening reeds van die boeke af is!

**Uit goedingeligte kringe in die hoofstad het ons nou verneem dat hierdie onverwagte eis van die Verenigde State eintlik nie so onredelik blyk nie. Waar ons voorheen nie kon verstaan waarom die Bruikleen-rekening nou gepresenteer word nie, kan ons dit nou begin verstaan wanneer dit blyk dat een van ons grootste stadsrade in sy „Buy British"-ywer met die Amerikaners die spel gespeel het wat hy destyds teen die Duitsers gebruik het. 'n Duurder Britse tender is aanvaar bo 'n goedkoper Amerikaanse tender. Die Amerikaanse is van die hand gewys omdat dit . . . nie British was nie.**

Maar die verskil tussen die Amerikaners en die Duitsers lê daarin dat ons die Duitsers nie £75,000,000 geskuld het nie en aan die Amerikaners skuld ons dit wel.

**EENHEIDSTAAT**

So kan die Jingoïsme van 'n munisipaliteit die finansies van 'n hele staat in die war stuur. **Daarom staan die Ossewabrandwag vir 'n Eenheidstaat waarin die plaaslike organe soos munisipaliteite ingeskakel is in die staatsmasjinerie en derhalwe ook in die staatsbeleid.** Die Johannesburgse munisipaliteit, by voorbeeld, is 'n onderdeel van die staat in hierdie land . . . nie 'n staat op sy eie met 'n aparte en selfs botsende beleid nie.

Die „Buy British"-stadsrade sal begin leer dat die boikotdae op 'n end is — altans sover as wat die V.S.A. betrokke is: „The man that pays the piper calls the tune", lui een van hulle spreekwoorde. En al hou hulle nie van die deuntjie wat nou na die oorlog gespeel word nie, dan verander dit nog geensins hulle verpligtings nie. Dans moet hulle.

# Huise Kan Maar Nie Klaarkom

**Onder die nasionale behuisingskema sou in Pretoria en Johannesburg binne agtien maande vanaf September l.l. 4,000 huise voltooi gewees het. Dit blyk nou dat na 4 maande verstreke is, nog nie een enkele huis voltooi is en tot beskikking van oud-soldate gestel is nie.**

**Daar is nie minder nie as 3,000 name van oud-soldate op 'n waglys wat aansoek gedoen het om hierdie huise.**

Vandag kan die regering nie een huis toon wat in daardie gebied onder die betrokke skema voltooi is nie. Intussen word die behuisingsposisie steeds hagliker.

Sommige van hierdie huise is halfpad voltooi maar as gevolg van een of ander moeilikheid kan daar nie gevorder word nie.

Die partybewind kan nie sy beloftes aan oud-soldate nakom nie — trouens hy sal dit ook nie nakom nie.

# Samewerking Vir Fees Op Belfast

Die sekretaris van die Belfastse Dingaansfeeskommissie, mnr. F. C. de Wit, skryf:

Daar is 'n ooreenkoms gesluit vir samewerking tussen alle partye en groepe. Daarom is verlede jaar 'n verteenwoordigende Kommissie gekies, bestaande uit vooraanstaande Suid-Afrikaanse-, Herenigde Nasionale Party-, O.B.- en onafhanklike leiers.

Hulle doen 'n ernstige beroep op almal om met die a.s. 60-jarige herdenking saam te werk, sodat ons 'n ware Volksfees kan hê.

Vooraanstaande persone van alle groepe is uitgenooi om dan as sprekers op te tree.

Die publiek van omliggende dorpe en distrikte word hartlik uitgenooi om saam te kom „Handhaaf en Bou".

# Weier Samewerking

Nadat die Kommunistiese party van Brittanje vir die vyfde keer aansoek gedoen het om met die Arbeidersparty te affilieer, het die Arbeiders dit weer geweier. Hierdie besluit is geneem deur die jongste Arbeiderskongres.

*Die Skole Het Heropen!*

**EN ONS DINK WEER AAN DIE VOERTAAL-VRAAGSTUK!**

***LEES —***

**MOEDERTAAL EN TWEETALIGHEID**

deur

**Dr. P. J. MEYER**

2/- posvry.




Hierdie werk, betreklik klein in omvang, maar besonder ryk in inhoud, behoort gelees, herlees en bestudeer te word deur almal wat voortaan wil saampraat oor taalonderwys in huis en skool.

Die genot word verhoog deur die skrywer se bewonderenswaardige meesterskap oor die taal.

Weens sy diepsinnige en wetenskaplike inhoud, sowel as weens sy keurige vorm, verdien hierdie werk 'n wye leserskring in ons land.—J. F. Burger in „Die Huisgenoot."

***NUWE BOEKE***

**LAND VAN ONS VADERS**

Vaderlandse Gedigte deur I. D. du Plessis, met illustrasies van Le Roux Smit Le Roux.
13/- posvry

**KOM ONS RANGSKIK**

(Suid-Afrikaanse Blomme) deur Hettie Smuts.
10/6 posvry

Met fotos van voorbeelde hoe blomme gerangskik moet word.

HERDRUK VAN SANGIRO SE GROOT WERK

**SIMBA**
12/9 posvry

***NUWE ROMANS***

- **Die Verskriklike Dr. Perron** deur Walter Spiethoff. 2/9 posvry
- **Moord op Kersdag** deur Marie Linde 4/- posvry
- **Die Vallei van die Rooi Gode** deur W. A. de Klerk 5/3 posvry
- **Die Baas van die Trein** deur J. P. Malan 3/6 posvry

***KINDERBOEKE***

- **Magda deur Magda Boyce** 4/9 posvry
- **Lenie van Wesselsdorp, deur M. Malherbe** 4/3 posvry
- **Vlekkie, deur A. C. Sparks** 4/3 posvry
- **Vriendinne, deur P. Euvrard 'n Jaarboek vir Skooldogters, No. 2** 8/6 posvry

**Pro Ecclesia-Boekhandel**

**POSBUS 29**

**STELLENBOSCH**

# Brittanje Belet Unie om Petrol van V.S.A. te Koop

## — MINISTER SE ERKENNING

**Omdat Suid-Afrika petrol invoer uit Amerika, het Engeland ons in kennis gestel dat solank ons voortgaan met die invoer van voorrade uit die dollarlande, ons voorrade uit die sterlinglande verminder sal word. Na ons eerste besending uit die V.S.A. is ons rantsoen uit die Persiese Golf met 10,000 ton verminder. Hierdie verklaring is verlede week deur min. S. F. Waterson in die parlement gedoen.**

**Die Minister het gesê daar is nie genoeg petrol in die sterlinglande om in al ons behoeftes te voorsien nie, daarom is ons verplig om voorsiening te maak uit ander bronne. Die petrolowerheid in Londen het egter te kenne gegee dat hulle die Unie se rantsoene sal verminder namate hy van Amerika invoer.**

Op die oomblik is die grootste probleem die toevoer van petrol omdat daar 'n groot aantal tenkskepe gedurende die oorlog tot sink gebring is, het min. Waterson betoog. Hy het gesê dat Kanada en die V.S.A. in staat was om die petrolbeheer op te hef omdat hulle nie tenkskepe nodig het om hulle petrol te vervoer nie.

Sen. Basner het hierdie bewering van die Minister dat daar 'n tekort aan tenkskepe is ten sterkste betwis omdat Amerika meer tenkskepe as voor die oorlog besit, terwyl Engeland slegs dertig persent van sy tenkskepe verloor het.

Die Minister het gesê die regering is van voorneme om die beheer oor petrol so gou moontlik op te hef sodra daar genoegsame versekering is dat daar 'n gereelde maandelikse toevoer van ongeveer 55,000 ton petrol is. Namate die toestand verbeter, sal die rantsoenering minder straf wees. Die 75-myl beperking sal in elk geval opgehef word.

# ROOI SOLDATE SKEP LASTIGE PROBLEEM VIR RUSLAND

**Die Amerikaanse tydskrif Time vertel van die uiters netelige posisie waarin die Russiese soldate in Europa hul kommunistiese owerheid beland het. In die lande van Europa wat deur die Russe beset word, wil die bevolkings niks met kommunisme te doen hê na die gruwelike ondervinding wat hulle van die Russiese soldate gehad het.**

**'n Ander kant van die vraagstuk is dat die Russiese soldate wat na hul vaderland terugkeer, opstandig en ontevrede is met toestande tuis, nadat hulle 'n voorsmaak gehad het van Europese beskawing en kultuur.**

**Dit alles kan vèrreikende gevolge hê.**

**DIE NUWE OPPOSISIE**

Die blad skryf dat die belangrikste nuus uit Europa die opkoms van 'n nuwe opposisie is. Dit is die opposisie teen kommunisme en die Rooi besettingsleërs in lande waar enige sodanige opposisie 'n wonder is.

Die mag van die Rooi leërs en die waaksaamheid van die kommunistiese partye is nie genoeg om opposisie in Hongarye, Oostenryk, Roemenië, Bulgarye, Pole en Joego-Slawië dood te druk nie.

**Waar die geleentheid hom voordoen, laat die opposisie sy stem hoor. En dit spreek luidste onder die ysere hiel van die besettingsleërs. Geen besettingsleër is gewild nie, maar die ruwe, woeste Rooi leër is ongeëwenaard in die kuns om haat en nyd uit te lok. Hoe langer die Russe in 'n land bly hoe meer laai die gevoel van wrewel teen hulle en hulle beleid op.**

**DIE VOORSMAAK**

**Toe die Russiese soldate vir die eerste keer weswaarts oor hul landsgrense gestroom het, het hulle 'n nuwe wêreld vol gevare en aanloklikhede binnegegaan.**

Toe hulle in Pole Duitse boere teëgekom het wat in gerieflike huise op goedbewerkte plase gewoon het, het hulle dissipline na die maan gestuur. Sommige het amok gemaak, gesteel, verkrag en doodgeslaan.

Die owerheid kon hulle nie keer nie, want die feite is dat die Russe 'n baie laer lewenstandaard het as die res van die volke van Europa.

**Baie soldate wat die Europese beskawingsartikels begeer het, het eenvoudig uit die leër gedros. In Berlyn het duisende maandeliks gedros. Die Russiese owerheid moes die Britte en die Amerikaners vra om die drosters te help aankeer.**

Die Rooi leër het kennis gemaak met die Europese beskawing en dit aanloklik gevind.

**Terug in hul eie land verlang hulle na die dinge van Europa.**

**President Kalinin het verklaar dat die kommunistiese party se propagandiste en agitators aandag sal moet skenk aan die oorlogsveterane wat nie langer gelukkig voel tuis nie.**

## Kennisgewings van Kommando's

Kennisgewings van kleinere funksies van O.B.-kommando's, soos geselligehede, pakkiesaande, ens. sal voortaan onder 'n rubriek, „Bedrywighede van Kommando's", gratis opgeneem word. Al sodanige kennisgewings moet aan die redakteur, posbus 1411, Kaapstad, gestuur word.

Kennisgewings van reisplanne en sentrale byeenkomste en funksies wat op meer as een kommando betrekking het, sal egter as advertensies geplaas word teen 'n verminderde tarief van 10s. per duim. Dit moet aan die bestuurder, Voorslag, Beperk, gestuur word na dieselfde posbus. Sulke kennisgewings moet ons nie later nie as Vrydag, vier dae voor die publikasiedatum, bereik.

# Duitsers Vlug Vir Stembus

**Dat die Duitsers in die Amerikaanse besettingsone weet waar hulle doodsteek lê, word bewys deur die feit dat hulle nie gretig is om deel te neem aan verkiesings nie.**

**By die volk bestaan daar 'n voorbeeldige gebrek aan belangstelling in die politieke partye wat die veroweraars probeer stig.**

Angstige belangstelling gaan egter uit van die nuwe skool van professionele politici en hulle kripstaners soos dit was van die politici uit die vóór Hitlerse dae wat trag om na die vleispotte terug te keer.

Denkende Duitsers is die mening toegedaan dat die partye en leiers wat tans op die voorgrond wil tree, in 'n groot mate ooreenstem met die patroon wat in die Weimar Republiek bestaan het en wat nie in staat was om die destydse probleme op te los nie. **Die politieke partye kan die Duitse volk niks anders aanbied as net onderlinge verdeeldheid nie — en dit wil die volk ten alle koste verhoed.**

Die politieke partye wat tans op die voorgrond wil tree is die Sosiaal-Demokratiese en Kommunistiese Partye.

**Die oogmerk van die Amerikaanse besettingowerheid met die partystigtings is om die Duitse volk te „demokratiseer"!**

# V.S.A.-BLAD NOEM BRITTE BEDELAARS:

## ONMIN OOR LENING

**Die vyandigheid en minagting waarmee Amerikaners die Britte bejeën, blyk alte duidelik uit Amerikaanse dagblaaie se kommentaar op die Amerikaanse lening aan Engeland.**

„Die lordse Britse bedelaars, Keynes en Halifax, kyk die gegewe perd nie alleen in die bek nie, maar skop hom ook in die tande. Elke keer as hulle skop, kom ons staatsdepartement met 'n nuwe toegewing", skryf die Chicago Daily Mail wat daarop aanspraak maak dat hy die wêreld se grootste nuusblad is.

„Amerika se posisie is die mees ironiese in die geskiedenis", gaan die blad voort. „Nadat ons die grootste las van die sogenaamde Geallieerdes gedurende die oorlog gedra het, en die grootste ekonomiese en wêreldmag opgebou het, blyk Amerika 'n kolonie van Engeland te wees. Ons word nog toegelaat om ons eie verkiesings te hou, maar Engeland is in beheer van die verkose regering."

Die blad gaan voort om te sê dat die Britse versoek, of eerder eis om 'n lening, voortspruit uit dieselfde oorwegings as wat Amerika in die oorlog gedwing het. **Die Britse Ryk is 'n verswakte mag. Nadat Amerika sy bas gedurende die oorlog gered het, word hom verwag om Brittanje deur die vredesjare ook te sleep. Engeland kan homself nie meer ondersteun nie. Wat die lening ook al genoem word, dit is 'n vrye gif aan die Britte. Hulle aanvaar dit so omdat hulle nie 'n handelslening kan bekostig nie. Brittanje is nie van plan om dit ooit te betaal nie.**





WAARDE VIR GELD

Ons Gee Nog Steeds Leiding!
S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BPK.
Voortrekkerweg, MAITLAND.

A.V.B.O.B
Lykbesorgers, Grafsteenmakers
Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

Paarl Monumentale-Werke
(EIEN.) BPK.
Posbus 220 — Bredastraat
PAARL (K.P.)
SKRYWE DIREK OM ONS NUUTSTE KATALOGUS
Direkteure:
L. A. B. Bohlman — M. Bohlman
Gevestig 1898

MARKAGENTSKAP
VROEE MORE-MARK
KAAPSTAD
Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang
Beste heersende pryse
MINNAAR EN VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF

EERSTE NUUSTYDSKRIF IN AFRIKAANS
Verskyn vanaf 1 APRIL
WAPENSKOU
'N OMVATTENDE EN INSIGGEWENDE OORSIG VAN BINNELANDSE EN BUITELANDSE GEBEURE AANTREKLIK OPGESTEL DEUR VOORAANSTAANDE DESKUNDIGES EN JOERNALISTE.
Intekengeld (vooruitbetaalbaar):
12/6 per jaar.
£2/10/- vir 5 jaar.
£4/10/- vir 10 jaar.
£10 Lewenslank.
Stuur onderstaande intekenvorm aan:
WAPENSKOU (EDMS.) BPK.,
POSBUS 28,
STELLENBOSCH.

Naam: ..........
Adres: ..........
Intekengeld: ..........

DIE O.B., WOENSDAG, 30 JANUARIE 1946.

# Die Laertrekking

Die eerste offisierslaertrekking meer as vier jaar gelede het vir die Ossewabrandwag plaasgevind op 'n tydstip van groot verwarring. Dit was toe die partypolitici in bondgenootskap teen hom opgetree het. **Die tweede laertrekking op 7 en 8 Februarie vind plaas in die lig van groot verwarring vir die politieke partye.** Waar die eerste laertrekking dus gegaan het oor die vraagstuk van hoe om onsself te handhaaf, sal die tweede een nou gaan oor hoe ons onsself kan laat geld, want in die afgelope vier jaar het die Ossewabrandwag ontwikkel tot 'n blywende magsfaktor in die Suid-Afrikaanse politiek.

Die Opposisie-party, wat ooreenkomstig parlementêre rotasie homself as die alternatiewe regering beskou, het sy enigste hoop om op eie houtjie aan bewind te kom, gevestig op die uitdelging van die O.B. in die binnelandse politieke stryd of sy verdwyning as gevolg van die Duitse nederlaag. Nòg die een nòg die ander het gebeur. Met die verskyning van mnr. N. C. Havenga op die toneel het dit vir hierdie party nog benouder geword in sy alleenstryd. Die beleid van mnr. Havenga was in die verlede nog steeds een van samewerking met alle Afrikaanse groepe, en daar bestaan geen twyfel nie dat mnr. Havenga ook 'n ryke oes sal vind onder regeringsondersteuners van wie die oë begin oopgaan. **Die Opposisieparty sal dus gedwing word tot voordeel van die volk om sy beleid van nie-samewerking te wysig en met ander groepe, onder wie die Ossewabrandwag, saam te werk. Weier hy om so 'n weg in te slaan, mag dit tot opbrokkeling van die party self lei. Vir die Opposisieparty is dit dus 'n oomblik van verwarring.**

Die Regeringsparty verkeer in 'n nog benarder posisie. Hy het die steun van die politieke arbeiders verloor en sy weergalose slawediens aan Groot-Brittanje kon selfs nie verhoed dat die Dominion Party van hom wegbreek nie. Sy mag is gebreek en hy kan die stormloop van 'n ontevrede volk nie meer die hoof bied nie.

Die politici verkeer dus in 'n toestand van verwarring. Die taak van die Offisierslaer te Bloemfontein sal dan ook vir 'n groot deel wees om te bepaal watter aandeel die Volksbeweging gaan neem in die politieke stryd wat voor die deur staan. Hy gaan sy taak tegemoet as oorwinnaar van die eerste rondte.

# V.S.A.-Tenkvloot In Roudiens ?

Na ses maande se goedkoop ekskusies oor die petrol-tekort het min. Waterson verlede week in die parlement die opsienbarende onthulling — wat ons al 'n paar maande gelede geweet het — gedoen dat Engeland die Unie verbied om geen petrol uit Amerikaanse bronne te koop nie. Min. Waterson het gesê dat daar nie genoeg petrol in die sterling-groep is om almal te voorsien nie, maar dat Engeland desondanks dreig om die Unie se voorraad uit die Persiese golf te besnoei indien hy sy voorrade te elders aanvul.

**Dit is natuurlik een kolossale stuk imperialistiese tirannie wat hom nie net op die gebied van petrol laat geld nie, maar dwarsdeur ons ekonomiese lewe.** So heers daar by voorbeeld vandag in ons land hongersnood omdat kos op groot skaal na Engeland uitgevoer is. **In Oktober 1944 het min. Strauss oor die radio gesê dat as die Unie nie voedsel op groot skaal na Brittanje uitvoer nie, laasgenoemde geen skeepsruimte sal afstaan vir die invoer van landboumasjinerie nie.**

## KAN MAAR STERF

Met hierdie paar voorbeelde is die leuen dat Engeland Suid-Afrika beskerm, hoop ons, vir goed die kop ingeslaan. **Dit is nou glashelder dat Engeland nie aarsel om voedsel uit die mond van die Unie-bevolking te pers as hy dit nodig het nie, net so min soos dit hom skeel of die Unie se vervoerwese lamgelê word weens 'n tekort aan brandstof wat volop verkry kan word.**

As dit min. Waterson ses maande se gesluk gekos het om die skandaal in verband met petrol openbaar te maak, is dit vanselfsprekend dat daar nog talle sulke gevalle is waar die Unie gebuk gaan onder Britse tirannie. Maar die bereidwilligheid van die huidige bewind om hom voor die Britse kar te laat inspan ten koste van die eie bevolking is 'n verantwoordelikheid wat nie afgeskuur kan word teen sulke swak ekskuse soos „'n tekort aan tenkskepe" nie, soos min. Waterson probeer doen het. Hy skryf die ongerief van die Suid-Afrikaanse motoris naamlik nog toe aan die feit dat daar geen tenkskepe deur die Unie gehuur kan word nie weens die groot versinking van hulle in die oorlog. **Terselfdertyd erken hy dat Amerika en Kanada petrolrantsoenering kon ophef omdat hulle geen tenkskepe nodig het nie.**

**Wat doen Amerika dan met al sy tenkskepe as hy dit nie self nodig het en ook nie vir die sterlinglande mag gebruik nie? Of sou mnr. Waterson dalk aan die hand wil doen dat die hele V.S.A.-tenkvloot, wat tweederdes van die wêreldtenkvloot omvat, vir boetedoening ingestel is op die oorlede Japanse stede Hirosjima en Nagasaki?**

# Rol van Geld in Internasionale Transaksies

(DEUR ONS EKONOMIESE MEDEWERKER.)

**HIERDIE ARTIKEL IS DIE TWEEDE EN LAASTE WAT OP SPESIALE VERSOEK VAN LESERS GESKRYF IS.**

**In die vorige artikel het ons beweer dat die betalingsbalans van strategiese belang is met betrekking tot wisselkoerse, aangesien die invoere en uitvoere (sigbaar en onsigbare) onderskeidelik die aanbod van en vraag na die geldeenheid van die land sal bepaal. Die wisselkoers moet sodanig wees dat vraag gelyk is aan aanbod. By enige gegewe koers moet verkope van buitelandse geld gelyk wees aan inkope daarvan.**

Die betalinge deur die buiteland moet gelyk wees aan die betalinge aan die buiteland. Ons kan dit ook anders stel. By internasionale transaksies verteenwoordig elke aanbod van geld ook 'n aanvraag. As 'n persoon dollars wil koop met £'e, beteken dit 'n aanbod van sterling en 'n vraag na dollars. Heel waarskynlik sal die vraag na sterling en aanbod van dollars by enige tydstip nie gelyk wees aan die aanbod van sterling en vraag na dollars nie. Die dollar-sterling wisselkoers sal dan verander totdat vraag en aanbod van dollars en/of £'e gelyk is, by welke posisie die nul-verhouding tot stand sal kom. En die hoeveelheid £'e (resp. dollars) verkoop, moet by enige stadium gelyk wees aan die hoeveelheid £'e (dollars) gekoop, want elke verkoop is terselfdertyd 'n aankoop vir iemand anders.

## GOEDKOPER GELD

As 'n land 'n ongunstige betalingsbalans met die res van die wêreld daarop nahou, sal daar 'n groter aanbod van, as aanvraag vir sy geldeenheid wees. Gevolglik sal sy geld goedkoper word — depresieer — en hy sal meer vir vreemde geld moet betaal as voorheen. As die betalingsbalans gunstig is, sal buitelanders aan hom meer moet betaal as hy aan hulle; die vraag na sy geld is groter as die aanbod daarvan, sodat sy geldeenheid se waarde sal vermeerder — sy wisselkoers appresieer.

## GOUDSTANDAARD

Hoeveel die wisselkoerse sal kan verander, sal afhang van die geldstandaard wat deur die betrokke lande gehandhaaf word. Onder die internasionale goudstandaard kan die wisselkoerse alleen binne baie noue perke beweeg en net 'n baie klein persentasie van die pariteitskoers afwyk. **Dit volg uit die feit dat onder die goudstandaard elke land se geldeenheid 'n definitiewe goudwaarde toegesê is, sodat die verskillende geldeenhede in 'n vaste waardeverhouding tot mekaar gestaan het.** As in Engeland £1 die waarde gehad het van 113 grein goud en in die V.S.A. 113 grein goud met 4.866 dollar gekoop kan word, dan was die sterling-dollarkoers £1 = 4.866 dollar. Dit was die pariteitskoers.

## VOORBEELD

Gestel, om duideliksonthalwe, dat Engeland en die V.S.A. net met mekaar handel drywe en dat die Engelse betalingsbalans ongunstig is. Ten gevolge hiervan sal die Britse £ nou in waarde verminder sodat minder as 4.866 dollars vir £1 gekry kan word. As die wisselkoers daal tot 4.6 = £1, en die vervoerkoste (versekering ingesluit) van 113 grein goud na Amerika is minder as die verskil tussen 4.866 dollar en 4.6 dollar, d.w.s. minder as .266 dollar, dan sal dit die Engelse betaal om liewer goud by die Bank van Engeland te koop en na Amerika te stuur waar hulle nog 4.866 dollar vir elke £1 se goud kan kry. **Die £ kan dus nie depresieer met 'n bedrag wat hoër is as die vervoerkoste na die V.S.A. nie.** Netso as die Britse betalingsbalans teenoor Amerika gunstig is, kan die £ nie meer styg in waarde of die dollar meer depresieer, as die bedrag van die vervoerkoste na Engeland nie.

Die wisselkoerse, wat ons soos hierbo kan uitbrei om meer lande te omvat, kan dus onder die goudstandaard tussen die 2 „goudpunte", wat deur die vervoerkoste bepaal word, skommel.

## PAPIERSTANDAARD

Onder die onafhanklike en onwisselbare papierstandaarde van vandag (d.w.s. waar banknote en muntgeld nie vir goud ingeruil kan word nie) is daar nie so 'n kontrole oor die skommelinge van die wisselkoerse nie, en kan die wisselkoerse min of meer tot enige mate appresieer of depresieer. Hier sal die ruilverhoudings deur die betalingsbalanse bepaal word. **Dié lande met aktiewe betalingsbalanse se geld sal styg in waarde, en dié met ongunstige betalingsbalanse se geld sal depresieer. Lande wat groot voorrade goud besit, kan dit natuurlik gebruik om skommelinge in die wisselkoers te voorkom.** Voor die oorlog het etlike lande dit ook gedoen deur middel van wisselkoersstabilisasiefondse wat goud en buitelandse valuta (vreemde geld), handelswissels en effekte) vir manipulasiedoeleindes gebruik het. As die £ b.v. sou neig om in waarde te styg, verkoop die Engelse Fonds sterling om die aanbod te vergroot. En as die £ wil depresieer weens 'n ongunstige betalingsbalans sal die stabilisasiefonds sy goud en valuta gebruik om £'e te koop sodat die vraag daarna in ooreenstemming met die aanbod kom.

## HOE BETAAL WORD

Die indruk mag bestaan dat as 'n sakeman van enige land iemand in 'n ander land moet betaal, die vereffening plaasvind deur 'n fisiese oordrag van geld; b.v. as 'n Suid-Afrikaner 'n Amerikaner moet betaal, hy dollars by 'n Suid-Afrikaanse bank koop en dit oorstuur na Amerika. **Dit is egter nie so nie.** Wanneer 'n land fondse aan die buiteland verloor, beteken dit maar net dat 'n kleiner deel van die totale hoeveelheid geld in die land in die hande van die binnelandse bevolking is en 'n groter deel in die besit van buitelanders kom. Weliswaar sal die Sentrale Bank van enige land van die geldeenheid van ander lande, met wie handelstransaksies aangeknoop word, in sy besit hou ingeval mense (b.v. reisigers wat oorsee gaan) dit vir kleiner transaksies benodig. Maar die hoeveelhede is gewoonlik betreklik klein.

## STUUR WISSEL

As 'n Suid-Afrikaanse handelaar, A, goedere ter waarde van 1,000 dollar uitvoer na die V.S.A., trek hy 'n handelswissel op die Amerikaner, B, wat min of meer as volg lui: „Betaal aan my of my order die bedrag van 1,000 dollar 3 (of 6 of 9) maande na datum van wissel vir waarde ontvang". Die wissel kan na B gestuur word wat dit aksepteer, waardeur hy sy bereidwilligheid om te betaal te kenne gee. As A die wissel terug ontvang, kan hy dit te gelde maak deur dit te diskonteer by 'n bank wat hom effens minder as 1,000 dollar of die gelykstaande bedrag in £'e sal betaal, aangesien sy waarde eers 1,000 dollar na etlike maande is (d.w.s. by die vervaldatum). Om tyd te bespaar, sal die Amerikaner se bank egter aan 'n Suid-Afrikaanse bank kennis gee om namens die Amerikaner wissels te aksepteer.

'n Suid-Afrikaner, C, wat weer uit die V.S.A. goedere invoer, kan nou by die bank die wissel vir 1,000 dollar gaan koop indien hy aan D in Amerika soveel skuldig is. Hierdie wissel kan hy oorsee stuur. **D kan dit op die vervaldatum by B aanbied, en so vind vereffening plaas sonder dat enige geld oor die lande se grense gaan. Meeste van hierdie werk word deur banke vir hul kliënte gedoen.**

## TJEKS

In die jongste tyd word handelswissels nie meer op so 'n groot skaal gebruik nie. Sakemanne van verskillende lande betaal mekaar eenvoudig met tjeks. **Hierdie tjeks sal maklik aanvaar word as die trekker** (d.w.s. die ondertekenaar) 'n baie bekende firma is. Gewoonlik moet invoerders bankwaarborge aan die uitvoerders verstrek. Maar selfs by die oorstuur van tjeks van een land na die ander gaan daar baie tyd verlore — 'n baie belangrike element in die sakelewe. Gevolglik word van telegrafiese oordragte (telegraphic transfers) gebruik gemaak. Die bank van die invoerder kan net aan sy agentskap oorsee of aan die bank van die uitvoerder 'n kabelgram stuur om die vereiste bedrag op die uitvoerders se rekening te krediteer.

Derhalwe dat mens dikwels by wisselkoerskwoterings die twee letters „t.o." sien.

# Wetsontwerp Oor Indiërs

'n Verbod op transaksies vir die verkryging van vaste eiendom in Natal tussen Asiate en persone wat nie Asiate is nie in sekere gebiede in Natal, soos die parlement sal bepaal, is die oogmerk van 'n wetsontwerp wat tans voor die parlement dien.

Die wetsontwerp bevat ook sekere beperkings in verband met die okkupasie van grond deur Asiate en ander persone in die betrokke gebiede.

# Uit die Kolomme van die Engelse Pers

## Rusland In Europa

**„Die magteloosheid van die Westerse magte om die opkomende gety in Europa te keer, blyk alte duidelik. Dit is harde werklikheid dat die Engelssprekende magte nie 'n dinamiese program het vir die na-oorlogse Europa nie," skryf „Thought", Kwartaalblad van die Universiteit van Fordham.**

„Die Sowjet-Unie beheer nie alleen die nie-Latynse lande nie, maar die hele Slawiese, Baltiese en Magjaarse lande, insluitende 'n groot deel van Duitsland en Oostenryk," gaan die blad voort.

„Die Europese sektor wat deur Rusland beheer word, beslaan al die voedseluitvoerende lande. Wes-Europa moet òf van hierdie lande invoer, òf deur die Amerika's gevoed word. As die Amerika's hulle nie wil of kan voed nie, dan sal Rusland dit doen."

**„Dis nie alleen met voedsel wat Rusland Europa beheer nie. Alle lande waar die bevolkings baie verminder het, is in Russiese hande. Hierdie bomverwoeste lande maak 'n uitstekende prooi vir Russiese propaganda."**

„Dit kan nie genoeg beklemtoon word, dat die moraal van die Engelssprekende magte en ook hulle prestige meer gedaal het as wat die meeste mense geneig is om te glo nie. Die balansstaat van Wêreldoorlog II lewer 'n negatiewe resultaat," besluit die blad.

## Wantroue-mosie

„Dr. Malan se toespraak oor sy mosie van wantroue het van middelmatigheid tot die dieptes van langdradige kinderagtigheid verval," is die kommentaar wat die Cape Argus lewer op die toespraak van die H.N.P.-leier in die parlement, wat ook deur sy eie ondersteuners as baie swak beskou word.

## Politieke Slagoffers van 'n Partybewind



GENL. P. J. HENDRIKZ.

**Gearresteer op 24 Februarie 1942 deur kapt. Coetzee van Bethlehem. Twee maande in Senekal-tronk vir ondervraging. Drie weke in Bloemfontein-tronk. Saak later teruggetrek dog nie afgesluit nie. Boer in omgewing van Marquard, distrik Senekal.**

**„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie en hom nie aan die vyand uitlewer nie."**

Die blad gaan voort: „Hy het niks nuuts te sê gehad nie, en hy het dit so afmattend gesê dat sy ondersteuners wat saamgekom het, gereed om in te val met die ou uitroep aan Herodes, koning van Juda, „dit is die stem van 'n god en nie van 'n mens nie", nouliks 'n hoorbare ,hoor, hoor' kon uitkry."

### DIS AL

Die Cape Times skets die betekenis van so 'n mosie van wantroue in sy hoofartikelkolomme onder die opskrif „Jaarlikse Klug" en kom tot die volgende gevolgtrekking:

„Die mosie is dees dae net 'n formaliteit . . . Nogtans gee dit die lede 'n opwekking waarsonder die opening van die sitting maar bra saai sal wees, en dit gee die opposisie die geleentheid om ontslae te raak van 'n aansienlike hoeveelheid woordestoom. Die lede werk die opgehoopte energie en woordrykheid van die resès 'n bietjie af. Dit is al wat die formaliteit eintlik teweegbring."

## Truman Neem Beheer Oor Nywerheid

**Die regering van die V.S.A. het verlede week besluit om die vleisnywerheid wat deur die staking van 263,000 werkers lamgelê is, oor te neem, aangesien daar geen ooreenkoms bereik kon word tussen werkgewers en werknemers nie.**

President Truman het verklaar dat die tyd aangebreek het dat die regering sy gesag moet laat geld. Die regering oorweeg dit om die staalnywerheid wat ook stilstaan weens stakings, oor te neem, maar op die oomblik beskou hy dit nie as 'n praktiese stap om die geskil op te los nie.

Tweehonderdduisend van die stakers in die vleisbedryf het besluit dat hulle nie na werk sal terugkeer nie as die staat die bedryf oorneem nie, hoewel 100,000 bereid is om dit te doen. Later het die 200,000 vleiswerkers besluit om onder protes na hul werk terug te gaan, selfs al sou die staat sy voorneme uitvoer.

Intussen het die weeklange staking waarby 1,000,000 werkers betrokke is, die staalbedryf lamgelê en daar word 'n groot tekort aan staal en onderdele ondervind.

Die hele Ford-motorindustrie word geteister deur hierdie stakings sodat 15,000 werkers ledig lê, en indien die stakings in die staalbedryf voortduur, sal nog 225,000 werkloos gestel word.

Die jongste berigte lui dat Ford 'n ooreenkoms met sy werkers bereik het en dat sy fabrieke nie meer stil lê nie.

Die gevolge vir Suid-Afrika is dat die aankoms van nuwe motors uit die V.S.A. aansienlik vertraag word.

## Beheer Oor Atoomkrag

**Op die vergadering van die V.V.O. in Londen het sewe-en-veertig volke besluit om atoomkrag aan te wend tot voordeel van die mensdom en om die gebruik daarvan as vernietigingsmiddel in die ban te doen.**

Die Verenigde State het te kenne gegee dat sy vloot sal voortgaan met proefnemings op verouderde oorlogskepe om die uitwerking van die atoombom daarop vas te stel. Teen die middel van die jaar sal 'n aantal verouderde skepe met hierdie wapen gekelder word. Daar is verduidelik dat die proefnemings nie 'n internasionale aangeleentheid sal wees nie, maar 'n wetenskaplike proefneming van die V.S.A. op eie houtjie.

## Israel Geskrap Van Rol

Philip Israel, apteker, voorheen van die Cook's Apteek, Kaapstad, is verlede week van die aptekersrol geskrap nadat hy deur die Aptekersraad skuldig bevind is op aanklag dat hy bewustelik een van die stowwe uit 'n doktersvoorskrif weggelaat het.

Namens die klaer is gesê dat Israel sy plig teenoor die dokter en die pasiënt heeltemal veronagsaam het.

Hy is onlangs deur 'n hof skuldig bevind en het 'n boete van £40 betaal.

## Twee Seilskepe Na Unie

Die seilskip Commodore, die eerste S.A. skip wat aan privaat eienaars behoort, en wat op sy pad na Argentinië soek geraak het, het sy bestemming nou veilig bereik.

Wanneer die Commodore terugkeer na Suid-Afrika, sal hy vergesel word van 'n Sweedse staalskoener, die Albatross wat 'n vrag mielies en kunsmis na Suid-Afrika verskeep.

## Britse Parlement Vrees Uitmoording in Pole Van Opposisiepartye

**Ernstige onrus het in die Britse Laerhuis ontstaan oor die baie politieke moorde wat in die afgelope tyd in Pole plaasgevind het. Bevin het verklaar dat die omstandighede daarop dui dat die lede van die Poolse veiligheidspolisie medepligtig is.**

**Die slagoffers van hierdie moorde is almal leiers van die opposisie-partye. 'n Lid van die Laerhuis het gevra of die Britse regering daarop sal aandring dat die verkiesing in Pole so spoedig moontlik sal plaasvind voordat alle opposisie uitgemoor is.**

**Bevin het die hoop uitgespreek dat die Poolse voorlopige regering 'n einde aan die moorde sal maak voordat die toestand hande uitruk.**


### AFRIKANERS ! BOERE !

Ons is vervaardigers van:—

**Watertenke, Graantenke en Sinkdamme ◎ Geisers, Baddens, Meelblikke ◎ Tenkstaanders, Windlaaier-torings ◎ Tuinmeubels en Hekkies ◎ Lere, Traplere, ens. ◎ Vensters en Deure ◎ Skryftafels, Boekrakke, Buro's, Kombuiskaste, ens. ◎ Meubels volgens u eie ontwerpe ◎ Letterskildering (Uithangborde met advertensies) 'n spesialiteit.**

Wat u benodighede ookal mag wees in artikels vervaardig uit SINK, YSTER of HOUT, stuur aan ons volledige besonderhede en ons sal vir u daarvoor gratis kwoteer. Pryse van tenke op aanvraag verkrygbaar.

ONS IS TOT DIE DIENS VAN SUID-AFRIKA.

### BURLEM KUNS- EN METAALWERKE

**(Eienaar: Wm. Myburgh)**
**Badenhorststraat,**
**STRYDENBURG, K.P.**

**Belangrik: BEWAAR HIERDIE ADVERTENSIE, U SAL DIT NODIG KRY**



## Excelsior Wyne en Brandewyne

Aan EXCELSIOR Wyne is toegeken drie Silwer bekers en verskeie Eerste Pryse op die jaarlikse Westelike Provinsie se Wynskou.

**PRYSLYS:**

| | Per Bottel in kissies van 12 Bottels | Per Gelling in 5 Gel. Vaatjies. |
|---|---|---|
| **WYNSOORTE:** | | |
| Spesiaal (Soet) | 2/6 | 11/– |
| Wit Jeripigo | 1/9 | 8/6 |
| Rooi Jeripigo | 1/9 | 8/6 |
| Malmsey | 1/9 | 8/6 |
| **Wit Soet Muskadel** | 1/8 | 8/– |
| Rooi Soet Muskadel | 1/8 | 8/– |
| Soet Port | 1/8 | 8/– |
| Port | 1/7 | 7/6 |
| Pontak | 1/7 | 7/6 |
| Worcester Hock | 1/7 | 7/6 |
| Spesiale Sjerrie | 1/7 | 7/6 |
| Sjerrie | 1/6 | 7/– |
| Ou Bruin Sjerrie | 2/3 | — |
| **BRANDEWYN:** | | |
| Eureka | 8/6 | — |
| A 1 | 8/– | — |
| Boegoe | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Kersie | 6/6 | — |
| Van der Hum | 6/6 | — |
| Creme de Menthe (Pepperment) | 7/6 | — |
| Anys | 6/6 | — |
| Gemmer | 6/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen | 7/6 | — |
| Suurlemoen | 7/6 | — |
| „COCKTAIL | 4/– | — |
| Vermouth (Franse en Italiaanse tipes) | 2/9 | — |

GELIEWE DAAROP TE LET: — Bestellings word opgemaak van enige verskeidenheid wyn, brandewyn en likeurs, mits dit 'n kissie van 12 bottels is.

Bestellings word slegs uitgevoer KONTANT MET BESTELLING of KONTANT BY AFLEWERING plus K.B.A.-koste, vry op spoor Vlakteplaats-Stasie. KONTANT PLUS SPOORVRAG moet bestellings vergesel wat op Bushaltes of Haltes afgelaai word, andersins sal bestellings na naaste Stasie versend word.

Die volgende deposito's moet bestellings vergesel, nl. 20/- per vaatjie en 5/- per kissie met bottels. Gemelde bedrae word vergoed sodra leë inhouers terug ontvang word, spoorvrag betaald na Vlakteplaats-stasie.

**WANNEER LEë INHOUERS TERUGGESTUUR WORD, MOET ETIKETTE NIE VERWYDER WORD NIE. DUPLIKAAT-VRAGBRIEWE VAN AFSENDING MOET OOK AAN ONS GESTUUR WORD.**

**Bestel van:**
**EXCELSIOR WYNMAKERY,**
**(Eien. John Schoeman)**
**Posbus 1. Foon 902. Tel. Excelsior.**
**VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.**



# ASOKOR BEPERK

**BELEGGINGSMAATSKAPPY BETROKKE BY DIE VLEIS- EN PRODUKTE-HANDEL EN DIE VEE-NYWERHEID**

*Direkteure:* Prof. L. J. du Plessis, M.A., M.Econ., LL.B., C. C. Kriel, A. Bickel, A. C. Lombard, Gerard Bekker, L.V., Gordon Tomlinson, Sy edele N. C. Havenga, S. P. Bekker, P. J. du Plessis, Jnr., J. J. Ackermann, C. Miles Warren, L.V.

*Hoofbestuurder:* P. J. Kruger.

**KAPITAAL:**

| | |
|---|---|
| 4,000 Gewone £25-aandele .. .. .. .. | £100,000 |
| 150,000 Gewone £1-aandele .. .. .. .. | £150,000 |
| | £250,000 |

Die 4,000 gewone aandele van £25 elk is reeds ten volle deur die produsente- en verbruikerspubliek opgeneem.

**150,000 GEWONE AANDELE VAN £1 ELK WORD NOU AANGEBIED.**

**1943 — 1944 Diwidend 4%**
**1944 — 1945 Diwidend 6%**

(Omset van filiale vir die afgelope jaar oortref £1,000,000)

*DIE MAATSKAPPY SE AANDELE WORD NIE OP DIE BEURS GEKWOTEER NIE.*

ASOKOR bied veilige beleggingsmoontlikhede aan, omdat die maatskappy hom slegs met die handel in lewens-noodsaaklikhede bemoei, en wel op 'n non-spekulatiewe basis.

*Verkry die prospektus en ander inligting by:*

**DIE SEKRETARIS,**

**Asokor Beperk, Posbus 402, Bloemfontein**

## TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**Huishoudelike Kennisgewings:** (Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25% afslag.

**Handelsadvertensies:** Enkele plasings (vooruitbetaalbaar): 3d. per woord, minimum 6/- per plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasings: 2½d. per woord, minimum 5/- per plasing. Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasings: 2d per woord, minimum 4/- per plasing.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir ses maande. Vooruitbetaalbaar.

**Stuur advertensiebestellings en intekenings aan:**
VOORSLAG (EDMS.) BPK.,
Posbus 1411, Kaapstad.

## GEBOORTE

PRETORIUS. — Aan Canzius en Eulalie 'n dogter op 22 Januarie.

STOFBERG. — Aan Pieter en Mariæ, van Skerpenheuwel, Worcester, 'n fris dogter, op 15 Januarie. Ons hartlike dank aan Dokter en Verpleegster.

VAN TONDER. — Aan Komdt. en Mevr. G. J. van Tonder van Krugersdorp-Wes, op 3 Januarie, 'n fris O.B.-seun. Naas die Gewer, dank aan Suster Rademeyer.

## VERLOWING

MARAIS—WILKENS. — Die verlowing word bekendgemaak van Vena, oudste dogter van Kol. en Mev. Jacob Wilkens, van Rietfontein, Opraap, met Dr. Oloff Marais, Klerksdorp, enigste seun van Mnr. en Mev. C. H. Marais van Johannesburg.

## DOODBERIG

VAN ZYL. — Plotseling van ons ontneem op Moorreesburg in die vroeë môre van Maandag, 21 Januarie, ons geliefde eggenoot en vader Matthys.

Sy plek is leeg, sy stem is stil,
Ons swyg, o Heer, dit was U wil.

Diep betreur deur sy eggenote en kinders, Matthys, Hester, Martha, Maria en Hermanus.

## GRAFSTEEN-WERKE

Grafstene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie.
Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasie.
**S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENT-WERKE (EIENS.) BEPERK**
(Jannie Cillie, Besturende Direkteur).
VOORTREKKERWEG — MAITLAND
Foons 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2.

## IN MEMORIAM

VICTOR. — Met tere liefde en innige verlange dink ons terug aan die 29ste Januarie 1945 toe ons dierbare eggenoot en vader Hans Victor van ons weg is.

Hoe bitter is tog die verlange, maar ons swyg, dit was Sy wil.

Breckie, Jannie, Babsie en Fransie.

## PERSOONLIK

**WIE KAN ONS HELP?** — Twee studente, wat graag hulle studies wil voltooi verlang geldelike steun; tweedejaar B.Sc. £300, en derdejaar B.A. £200 onderskeidelik. Laas jaar ook alle vakke geslaag. Assuransiepolisse as waarborg; kan ook goeie getuigskrifte gee. Dankie by voorbaat. Skrywe aan: STUDENTE, p/a Bus 1411, Kaapstad.

**GRYSHARE** tot natuurlike kleur herstel of geld terug. 5/6 per bottel, posvry. Geld met bestelling. Kruiebehandelings vir alle siektes verkrygbaar. — „DIE BOEREVROU," Bus 7559, Johannesburg.

**MARKAGENTSKAP.** — Deskundige inligting gratis aan pluimveeboere. Stuur alle produkte aan: COETZEE, JORDAAN en BOJE (EDMS.) BPK., Wolhuterstraat 62, Newtown Johannesburg. Foon: 33-8297. Telegramme: Bojemark.

**1899—1902-KONSENTRASIEKAMPE.** — Vir objektiewe geskiedskrywing: Was u 45 jaar gelede 'n kampkind? Wat kan u meedeel? Wat het u ondervind? Watter dokumente het u in u besit? Kan u meehelp met die versameling van egte gegewens? Indien wel, skryf dan aan: „NAVORSER", Posbus 1411, Kaapstad.

**KORRESPONDENTE GEVRA.** — Moet nie eensaam wees nie. Honderde Meisies en Kêrels van 16 tot 60 jaar wil korrespondente hê! Stuur gefrankeerde koevert om besonderhede aan: DIE POSDUIF KORRESPONDENSIE-KLUB, Posbus 5, Lothair.

## BENODIG

**'N BLANKE ONGETROUDE VOORMAN** vir algemene plaasboerdery. Moet in besit wees van bestuurderslisensie. Tree dadelik in verbinding met Mnr. **SIAS DU TOIT, „Wysersdrift", Goudiniweg.**

**JONG DAME** om deel of geheel van huishouding van bejaarde paar (sonder kinders) in middestad waar te neem. Sy moet fluks wees. Goeie ondervinding en vooruitsigte vir die regte persoon. Sal goeie behandeling ontvang asof sy deel van die familie is. Stuur kiekie en skrywe aan: A.H.H., Posbus 1411, Kaapstad.

**'n PLAASVOORMAN** vir gemengde boerdery. Saaiery hoofbedryf. Moet sober en hardwerkend wees en met volk kan werk. Salaris £10 per maand met vry huis ens. en gedeeltelike kosvoorsiening vir getroude man, en £9 per maand vir ongetroude met vry losies. Skryf aan: M. J. DU TOIT, De Panne, Moorreesburg.

**PLAASBESTUURDER.** — Nodig om groot gemengde boerdery te Ladismith te behartig. Doen aansoek by: A.B.C., Posbus 1411, Kaapstad.

## LOSIES GEVRA

'n Musiek-student vra losies of 'n kamer in Pretoria. Is gewillig om eie klavier te gebruik. Skrywe aan Mej. C. DU TOIT, Nooitgedacht, P.S. Kroemahoek, P.K. Rustenburg.

## TE KOOP GEVRA

**HAELGEWEER,** dubbelloop, 12 boor, by voorkeur van Duitse fabrikaat. Besonderhede aan: A.B.C., Posbus 25, Stellenbosch.

**BENE.** — Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal £7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat advieshriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die beroemde radio-ingenieurs, Stasieweg, Parow, verkoop en herstel Radio's en Elektriesetoestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9.8435.

## ELEKTRIESE WARE

Vir alle ELEKTRIESE INSTALLASIES en BENODIGDHEDE raadpleeg J. A. WOLFAARDT, Hoofstraat 410, Paarl. Foon 354.

## TE KOOP

**ANGELIERPLANTJIES.** — Pragtige sterk Amerikaanse Boom-Angelierplantjies, 3/6 vir 12, 20/- vir 100, £6-10-0 vir 1000, vir die volgende soorte: Corona, Regina, Snow Storm, Idaho Beauty en Salmon Regina. Bestellings word ook geneem vir later aflewering. — S. C. STANDER, Bus 20, Tzaneen.

**ANGELIERPLANTJIES.** — Reuse Chabaud (Amerikaanse Saad). Aflewering April-November. Gemeng, Vleiskleur, Geel, Skarlakenrooi, 3/6 per dosyn, 15/- vir 100, £6-10-0 vir 1000. Kontant met bestelling. — SAFARI-BLOMKWEKERY, Posbus 66, Stellenbosch.

**BULLETJIES.** — Twee Melkkorthoorn bulletjies, vader Haslop Lord Pengilley Q.B., moeders hoë graad suiwer geteelde koeie met baie melk en goeie bouvorm. Albei rooi met wit agterpootjies, goedgekeur en gebrand, 15 maande oud, £20 stuk. Op Tarkastad gelewer. — S. BEKKER, Kleinfontein, Tarkastad.

**GROENTESAAD.** — Chantenay Wortelsaad 12/-; Donker Detroit Beet 10/-; Blomkool: Suiderkruis 20/-; Reliance 25/-; Spitz Kopkool 12/6; Koel en Broos Komkommer 15/-; Tom Watson Waatlemoen 16/-; Blaarslaai 22/-; Little Gem Skorsies 12/-; Lang Wit Bos 13/-; Raap 7/6; Uie: Australiese Bruin 6/6; Kaapse Plat 10/-; „Silver King" 12/6. Almal per pond. 2/- duurder op halfponde. Posvry. K.M.B. — PREMIER SAADKWEKERS EN VERSPREIDERS, Schoemanshoek, Oudtshoorn.

**KURSUS.** — Bestaan uit tien dele in gewigstootoefeninge. £3 kontant. — P. VENTER, Kafferkraal, Burgersdorp.

**KAROO-KRAALMIS.** — Gemaal met hamermeul, 12 sakke per ton, teen 37/6 per ton, om nie minder as tien ton te neem nie. Kontant met bestelling, gelewer op Middletonstasie.—T. C. NEL, Golden Valley.

**MEUBELS.** — Swierige en duursame Tambotie- en Kiaat-Meubels, regstreeks van ANDRIES MAREE se Meubelfabriek, teen streng fabriekspryse. — Navrae: ONS BOERE-MEUBELWINKEL, Scholtzstraat 54, Lichtenburg. Telegramme: „Tambotie". Tel. 136.

**MEUBELS.** — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. — PETRA-MEUBELS, BPK., Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.

**MEUBELS.** — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EIENS.) BPK., en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victoriaweg 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Phillips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929. Agentskap: Van Riebeeck Trust Mpy. Bpk., Globe-Huis, Kerkstraat, Wynberg.

**SKAAPHONDJIES.** — Suiwer geteelde Kelpies, ouers werk uitstekend met skape. Een reuntjie en een tefie, albei swart, £1 stuk. — S. BEKKER, Kleinfontein, Tarkastad.

**SOUT.** — Ondersteun u mede-Afrikaner. Spesiale A1 59/-; Sneeuwit No. 1, 54/-; Wit No. 2, 49/- per ton, vry gelaai Soutwerke. — Adres MEV. MARTIE VENTER, Possak Arbeidsloon, Bloemfontein.

**SOUT TE KOOP.** — Aandag Brandwagte: A1 59/0; no. 1 54/-; no. 2 49/- per ton, om onmiddellik te laai op Soutpan. Tevredenheid gewaarborg. Kontant met bestelling. — De Beer en De Beer, P.K. Florisbad Soutwerke.

**SOUT.** — A1, 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 49/- per ton, gelaai in goeie sakke. Tevredenheid gewaarborg. Kontant met bestelling. Enige hoeveelheid onmiddellik gelaai. Mev. F. DE BEER, Rusplaas, P.K. Florisbad.

**SOUT.** — Aandag Brandwagte. Die O.B.-Soutwerke bied aan: A1 59/-; No. 1 54/-; No. 2 49/- per ton, kosteloos gelaai Soutpan. — Adres: VENTER en DU PLOOY, P/sak Arbeidsloon, Bloemfontein.

# OGIES IN DIE NUUS

### „HEIL HITLER"

Dat die Duitse gees nog helder brand blyk uit die feit dat die studente van Göttingen-universiteit in die Britse gebied van Duitsland mekaar begroet met „Heil Hitler". Die meeste studente aan hierdie inrigting was voorheen offisiere in die weermag.

Die universiteit te Jena wat onder Russiese beheer staan, is tydelik gesluit weens anti-Kommunistiese betogings deur die studente.

### BLOEDIGE TROFEË

'n Berig uit Amerika lui dat die brein van Mussolini en dié van dr. Robert Ley, in lewe Duitse leier van arbeid, wat in Oktober verlede jaar selfmoord in Neurenberg gepleeg het, na Amerika gestuur is vir „ondersoek". Ná die „ondersoek" is dit op versterkwater gesit vir bewaring in 'n museum.

In die ou tyd was dit die gewoonte om die oorwonne leiers se koppe op stokke te steek en daarmee deur die strate te paradeer. Die Rooihuide van Amerika het weer die gewoonte gehad om hul verslane vyande se kopvelle af te slag en te bewaar. Hierdie barbaarse gebruik word nou op wetenskaplike wyse voortgesit — deur diegene wat vir „Christendom en beskawing" in die twintigste eeu veg.

## Krygsgevangenes In Unie

Daar is op die oomblik nog 30,379 Italiaanse krygsgevangenes in die Unie. Vervoergeriewe is op die oomblik baie beperk en dit sal nog lank duur voordat almal gerepatrieer sal word. Die gevangenes word op die oomblik in sewe kampe gehuisves.

Swaardraende sterk **LAXTON'S NOBLE AARBEIPLANTE,** Febr.-April planttyd, 3/- per dos., 7/6 vir 50, 10/6 per 100, £4 10/- per 1,000. Kontant met bestelling. Renonkel, Anemone, Leliebolle vir Maart-April planting. Lyste op aanvraag. — HERHOLD'S POSBUS 660, JOHANNESBURG.

**SPEENVARKIES.** — Twintig Speenvarkies, 6—8 weke oud, vader geregistreerde Grootswart beer, moeders Grootswart en Grootwit söe, £1 stuk, gelewer op Tarkastad-stasie. — S. BEKKER, Kleinfontein, Tarkastad.

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertröe. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, Pretoria.

## WYNE

**VYF GELLING** Muscadel-likeur £2 12s. 6d.; anker £3-17-6; 5 gelling Rooi of Wit Muscadel, Jeripigo of Beste Ou Port £2-2-6; anker £3-2-0; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2-18-6. 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muscadel £1-15-0; anker £2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. — J. C. JONKER, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale, K.P.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk Stellenbosch vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Kerkplein, Kaapstad.

**PLUIMVEE**
Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
**C. M. ELOFF EN KIE.**
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) Newtown

**W. Voigt (Edms.) Bpk.**
Fabrikante van
**Kelder- en Besproeiingsmasjinerie**
Bus 10 — HUGENOOT, K.P

*MAATSKAPPYVERGADERING*

# DIE KOPERSBOND BEPERK

## VOORSITTERSREDE

Dames en Here,

Dit is vir my 'n genoeë om vandag hierdie vyfde Jaarverslag van die Kopersbond aan u voor te lê vir oorweging.

Die vertroue wat die beleggende publiek in ons Maastkappy het, is bewys deur die feit dat ons aandelekapitaal gedurende die boekjaar met £118,865 gestyg het en verder deur die feit dat ons geoutoriseerde kapitaal van £750,000 gedurende Augustusmaand volskryf is.

Soos aan aandeelhouers bekend is, het die Direksie gedurende die jaar besluit om alle aandele vol op te roep en dit is vir my besonder aangenaam om u te kan meedeel dat ons opbetaalde kapitaal nou op £590,650 staan.

Alhoewel die Direksie in die verlede die beleid gevolg het van uitbreiding van kapitaal in teenstelling met die vol opbetaling van die uitgereikte aandele, het die posisie egter nou verander vanweë die uitbreiding van die omvang van die werksaamhede van u Maatskappy, asook om die Maatskappy finansieel te versterk en sodoende die enige na-oorlogse terugslag die hoof te bied. Die oproeping van kapitaal sal verder u Maatskappy in die gunstige posisie stel om voordeel te trek uit enige na-oorlogse uitbreiding wat aangebied mag word.

Die posisie van u Maatskappy is verder versterk deur die suiwering van voorrade by beide die Groothandel- en al ons kleinhandelswinkels. Soos die state aandui is ons voorrade in die groothandel met byna die helfte verminder aangesien u Maatskappy geen risiko wou neem om groot en duur voorrade aan te hou nie, en die kleiner voorrade het noodwendig ons omset affekteer, wat dan ook kleiner winste meegebring het. As ons groter risiko's wou neem, kon ons ook groter winste afgewerp het. Ons het alreeds groot bestellings geplaas in die buiteland, maar weens die uitgebreide stakings in Amerika en die vernietiging van Industrieë in Engeland, sal die uitvoering van bestellings heelwat vertraag word. U Maatskappy is derhalwe vandag in 'n baie gesonde posisie vir sover dit voorrade aangaan. Dit is 'n baie gerusstellende feit, want ons weet dat na die eerste wêreldoorlog baie Maatskappye deur te veel en te duur voorraad geweldige terugslae gekry het.

Vir sover dit ons belange in filiaal-maatskappye aangaan, is aandeelhouers reeds bewus van die feit dat u Maaskappy nou al die aandele besit in die welbekende fabriek Massing en Ingham Bpk. wat meubels sowel as deure, rame, vensters en blokkiesvloere vervaardig. Hierdie fabriek is een van die mees bekende van sy soort in die land en aandeelhouers kan verseker wees dat hul belegging in Kopersbond hierdeur fundamenteel versterk is.

Die aandele in D. F. Joubert en Kie. Bpk. is gedurende die jaar oorgeneem deur ons filiaalmaatskappy Finbro Furnishers (1936) Ltd. en al ons meubelbesighede sorteer nou onder een hoof. Finbro het ook 'n baie suksesvolle jaar afgesluit en dividende van 10 persent is gehandhaaf. Sedert 30/6/45 is 'n nuwe uitgifte van 250,000 gewone aandele gemaak waarvan Kopersbond sy kwota opgeneem het. Ons ander filiaal-maatskappy, Spoorbondkas Beperk, het ook 'n besondere goeie boekjaar afgesluit met 'n netto-wins van £4,142. Hier het Kopersbond ook 'n dividend van 5 persent op sy belegging ontvang, wat vir 'n banknistelling besonder skitterend is.

Gedurende die jaar is verder drie nuwe Maatskappye gestig waarin Kopersbond alle aandele besit. Die eerste twee is naamlik:

Dominion and South African Trading Co. Ltd.

Continental and South African Trading Co. Ltd.

Hierdie maatskappye gaan hulle veral op agentskappe en in- en uitvoerhandel toespits. Die derde Maatskappy, naamlik De Villiers Street Properties Ltd., is gestig met die doel om die waardevolle Spoorbondkasgebou oor te neem. In hierdie verband kan ek meld dat ons onlangs 'n aanbod van £220,000 vir hierdie gebou ontvang het.

Verder het dit u Maatskappy onlangs geluk om plus-minus 2,500 akker grond aangrensende aan Roodepoort en Krugersdorp aan te koop bedoel vir die uitleg van dorpsgebiede. 'n Groot gedeelte van hierdie grond lê tussen die spoorweg en die hoofrifweg en is dus geskik vir industriële persele. Ons het ook alreeds aanbiedings van £1,000 per morg vir hierdie industriële gebiede ontvang. Aandeelhouers is bewus van die feit dat daar kolossale winste in hierdie soort belegging steek en sodra die oorwins-eiendomsbelasting soos reeds in vooruitsig gestel, afgeskaf word, sal u aandele oornag verdriedubbel in waarde.

Die totale netto-wins gemaak in die afgelope boekjaar bedra £37,432 18s. 8d. en alhoewel die ouditeure voorstel om £25,362 16s. 2d. aan te wend as reserwes wat dan alleen 'n netto-wins van £12,070 2s. 6d. oorlaat, wil ek graag aan aandeelhouers voorstel dat ons 'n reserwe skep van £21,000 en 'n bedrag van £4,362 16s. 2d. oordra na die toe-eieningsrekening. Ons wins vir die boekjaar van £37,432 18s. 8d. is gelyk aan 8½ persent wins. Met die oog op konsolidasie wil ek dus voorstel dat ons 4 persent diwidend verklaar en die orige 4½ persent van ons wins aanwend as reserwes. Hier kan ek net meld dat alhoewel die ouditeure van mening is dat die Reserwe teen belange in filiaal-maatskappye nie genoegsaam is nie, hulle nie die vermeerdering in die waarde van ons vaste eiendomme, asook klandisiewaarde van ons besighede in ag neem nie, en u Direksie is oortuig daarvan dat enige verliese wat mag gely word oor en oor gedek is deur hierdie onsigbare reserwes. Die aanvulling van reserwes met £21,000 is dan ook ten uitvoering van ons beleid van konsolidasie en alhoewel aandeelhouers soms geneig is om winste wat nie as diwidend uitbetaal word nie, te beskou as vir hulle verlore, wil ek graag verduidelik dat sodanige gelde in die Maatskappy bly en aandeelhouers moet noodwendig die voordeel daarvan trek, alhoewel op indirekte wyse.

Ons hoop dat aandeelhouers hierdie beleid van konsolidasie sal goedkeur, daar my mening en ook dié van u hele Direksie is dat ons nou sterk reserwes moet opbou vir die skraal jare wat mag kom. Ons, wat 'n nuwe Maatskappy is, is ook besonder swaar getref deur belastings wat dit onmoontlik maak om reserwes op te bou soos in normale tye.

Dit sal aandeelhouers interesseer om te weet dat die totale bates van Kopersbond en die filiaal-maatskappye wat direk deur hom gekontroleer word, vandag op £2,721,475 staan, 'n vermeerdering van £360,000 vergelyk met verlede jaar. Daar word werk verskaf aan 550 werknemers terwyl die totale salarisse uitbetaal vir die boekjaar geëindig 30 Junie 1945, £112,682 bedra het. Die totale verkope van die hele groep het £940,000 oorskry. Die totale waarde van vaste eiendomme van Kopersbond en sy Maatskappye het op 30 Junie 1945 £505,675 bedra en daarby kan nog £130,000 gevoeg word as ons die markwaarde in ag wil neem. Die Kopersbond, myns insiens, bied die beste verspreide belegging van enige Maatskappy in ons land, wat vir beleggers van die grootste belang is, en die veiligste is ten tye van terugslae en daarby 'n niespekulatiewe belegging.

Ten slotte wil ek graag my dank betuig aan my mede-Direkteure en Dagbestuur, en namens myself en die Direksie aan die Algemene Bestuurder en sy personeel, aan ons ouditeure, asook aan die personeel van ons filiaal-maatskappye vir die waardevolle en lojale dienste gelewer gedurende die afgelope jaar. (Adv.)

DIE Boerejeug
AMPTELIKE ORGAAN

Byvoegsel tot Die O.B. van 30 Jan. 1946.

# BOEREJEUG-LAERTREKKINGS

## Soos Ons Boerejeug Dit Sien

**Om mekaar se hand te vind, mekaar met ons idealisme te besiel, mekaar te help om koers te hou op die pad van Suid-Afrika — dit is die doel van ons Boerejeug-laertrekkings.**

**„Die Ossewabrandwag is gebore uit die ongehoorde geesdrif, eenheidsdrang en volkstrots wat in die hart van die Boerevolk ontbrand het in die Eeufeesjaar van die Groot Trek", aldus dr. A. J. H. van der Walt in sy boek „'n Volk op Trek."**

Inderdaad, die O.B. is gebore uit hierdie ongehoorde eenheidsdrang en volkstrots wat in ons harte ontbrand het. Uit dieselfde vryheidsdrang is later, in die moeilike oorlogsjare, die Boerejeug gebore, besiel met dieselfde gedagte van „een vir almal, en almal vir elkeen."

Spoedig het ook die Boerejeug, net soos die O.B. versprei en uitgebrei dwarsoor die hele Suid-Afrika. As gevolg van hierdie snelle uitbreiding weet ons in die Boerejeug nog nie wie ons mede-kamerade in ander dorpe is nie. **Wie is die persone wat besiel is met dieselfde ideale as ek? Wie moet saam met my koers hou op die regte pad? Ons voel onwillekeurig dat as die Jeug, wat die volk môre is, sulke vrae vra, dan heers daar werklik 'n ongesonde toestand — 'n toestand wat alleen deur gereelde bywoning van laers verhelp kan word.** Dit is absoluut essensieel dat ons as Boerejeug mekaar sal ken, mekaar sal besiel met ons idealisme, mekaar sal help om koers te hou op die pad van die Ossewabrandwag, en hierdie geleentheid kry ons alleen tydens Boerejeuglaertrekke.

Dit is verbasend om te sien die gees wat op so 'n laertrek heers; hoe gou 'n mens leer kennis maak met jou medekamerade en leer om hulle te waardeer. Hier kry 'n mens ook ten volle die kans om daardie mooi gedagte uit te leef van: „een vir almal, en almal vir elkeen."

Ek wil nie hier breedvoerig op al die verrigtinge van so 'n laer ingaan nie, dog wil slegs benadruk die g e e s wat daar geskep word in so 'n laer, 'n gees wat onder alle omstandighede heers. Selfs al het jy die vorige nag wag gehad, as die vlamme van die kampvuur soos reusagtige tonge lek aan die swart van die hemel, en 'n rooi gloed versprei oor die gestaltes van die jeug, dan sing jy ook uit volle bors saam: „Ek sal antwoord op jou roepstem, Ek sal offer wat jy vra . . ." **Later, as hierdie laer afgeloop is en jy dink terug aan die kampvuur, wat die siel van die laertrek is, dan tril jou ledemate en dit is asof die hele toneel weer voor jou herleef en jy raak opnuut besiel met daardie gees wat om die kampvuur geheers het; 'n eenheidsgees wat onuitdoofbaar is en wat moet opwel in die hart van elke jong Afrikaner. Want alleen deur hierdie eenheidsgees kan ons die talle gevare trotseer wat ons vandag bedreig en kan ons voortgaan op die pad van die Ossewabrandwag.**

L. SCHULZE.

## Raai, Raai . . .

1. Kromme Vader, Holle Moeder, drie kindertjies sonder siel.
2. Wanneer hy loop, loop hy op een; wanneer hy staan, staan hy op drie.
3. De Witjie sit op die hek,
   De Witjie breek sy nek.
   G'n timmerman vir De Witjie
   Weer heel maken kan.

(Antwoorde in ons volgende uitgawe.)

Die Unie-regering het tot dusver 'n totale bedrag van £335,000 aan Unrra geskenk.

Van die totale bedrag van 514,000,000 dollar wat deur alle lande tot die beskikking van Unrra gestel is, is 503,000,000 in Russies-beheerde gebied bestee.



Wagte nuttig verversings om die kampvuur by geleentheid van 'n kamp onlangs op Robertson gehou.

## IN DIE VLAMMEDIEPTES

**Sal die vlam van die Jeug steeds hoër lek tot dit reik aan ons ideaal?**

Dis stil en rustig. So stil dat die gesis van die vuurtjie hard klink teen die veraf geblaf van die hond. Alles rus sag.

Alleen in die vlamme lees mens die lewe. Alles vergetend lê iemand en tuur na die dowwe figure wat daarin rond beweeg met nou en dan een duidelik sigbaar wat gryp na iets in die lug — niks, maar tog 'n ideaal om hoogtes te bereik.

**Netso stil is die laer. Mompelend word die stilte wreed verbreek deur die pligsgetrouheid self — die wag. En rustig lê 'n klompie besiel vir die toekoms. Sal ons ooit ons ideale bereik? Daardie ideale wat 'n Nasie sal hervorm en bou tot 'n magtige onder magtiges. Sal die vlam steeds hoër lek na die**

'n Verlange — 'n gebed —
**maanverbleekte sterrehemel?**
dis al.

Doelbewus strompel seuns en dogters oor stompe en droë blare teen die veraf gerammel van 'n verbyvarende trein — Jeugvlamme wat sal trotseer en verduur alles wat tydelik is — Jeugstappe wat sal strompel tot manne en vroue sal trap op vaste rots met die regte koers in sig.

**Helder wit skuwende wolke versteek die ster wat lok en flikker en donker skaduwees beweeg litterig oor die kaal aarde. Ruisende blare smoor die voetstappe, maar nogtans stap hul moedig voort — net nou en dan doelbewus hoorbaar tot die wolke maar net sal moet breek om die fonkelende ideaal deur te laat — Die ster van Suid-Afrika!**

DINIE G.

## LITERATUUR I.V.M. JEUGBEWEGINGS

Graag doen die Jeugleier hiermee 'n oproep aan alle lesers om Boerejeughoofkwartier in kennis te stel van die naam van enige boek, nuusblad of tydskrif wat hulle in verband met jeugbewegings en/of organisasies in Europa besit (veral Duitsland, Finland, Italië, Rusland, Spanje en Portugal) en wat hulle gewillig is om vir 'n kort tydperk met die oog op referensie aan daardie kantoor af te staan of te verkoop.

## „MOEDERLIEF"

**(Deur M. VISSER.)**

Vyftien jaar gelede het ek ook 'n dierbare moedertjie gehad, maar helaas — sy is daar nie meer nie. Wie sal my nou haar skat noem? Teen wie se bors kan ek nou leun? Wie se strelende hand sal ek oor my hoof voel? Niemand, niemand sal ooit háár plek weer kan vul!

So dikwels het sy, as die son sy laaste strale oor die ou aarde sprei, my liefies aan my handjies gaan neem, daar waar ek sit en speel. So dikwels het sy saamgespeel, my haar skat genoem; dit sou haar nooit verveel nie.

As die son daal, trippel moeë kindervoetjies na binne — iets lekkers te gaan haal. Oorlaai met soentjies en lekkernye gaan sit ek — hoogs tevrede met alles. Maar hoe lank die tevredenheid? Skaars gaan sit, of daar skeel alweer iets. Raap alles op en hardloop na moederlief.

„Moeder, kan ek vanaand my hondjie by my in die bedjie neem?"

Dan volg die beslissende: „Nee, my Skatjie, hondjies slaap nie by moeder se groot dogter nie." Hoe lank nog sou sy my haar groot dogter kon noem?

Saans na die ete eers die gehate wassery. Die grootmense tog, hul sal nog 'n mens hopeloos stukkend was, want dis smôrens was, en dis middag was en dan nog sááns ook! Dis darem te erg. Een van die dae het ek geen vel nie.

„Kom, Moeder se liefie, eers mooi skoon was, dan liewe Jesus vra om jou 'n soet en gehoorsame dogtertjie te maak en dan slaap."

Slegs 'n jaar, 'n enkele jaar, het sy die voorreg gehad om my te vertroetel. Sag en stil het sy verhuis. Sonder Moeder moes ek nou in die wrede bek van die lewe te lande kom. Deur die wrede kloue van die lewe moet ek keer op keer gekrap en gedruk word — soms diepe wonde.

Deur vreemdelinge is ek gehelp totdat ek myself 'n bietjie kon help.

Diegene wat nog moeders het, waardeer hulle. Jy sal haar nooit mis, voordat sy daar nie meer is nie.

### VERJAARDAGKETTING

31 JAN.: Maria Joubert, Utrecht; Wilhelmina Erasmus, Rustenburg; Susanna van der Walt, Koster; Jacob Diederiks, Tolwe; Hendrik Nel, Banjan; Willem Hanekom, Paarl; Fanie Meyer, Ruytersbos; Willem Byleveld, Aughrabies; Pieter Coetzee, Paarl; Anthonie Muller, Port Elizabeth; Samuel Jens, Port Elizabeth.

1 FEB.: Gerhardus Oberholzer, Vryburg; Jakobus van Jaarsveld, Mamagalieskraal; Theunis du Toit, Koedoeskop; Magriet Nortjie, Beaufort-Wes; Catherina Smit, Port Elizabeth; Louwrens van der Westhuizen, Loxton; Johanna Mans, Wilgenhoutsdrift.

2 FEB.: Stephanus Fourie, Vryburg; Johanna du Toit, Middelburg, Tvl.; Hester du Plessis, Skuinsdrift; Cornelia Joubert, Holbank; Rona Liebenburg, Noorder-Paarl; Susarah Matthee; Bellville; Elizabeth de Villiers, Hondefontein; Catherina Liebenburg, Wilgenhoutsdrift.

3 FEB.: Wilhelmina Viljoen, Clocolan; Wilhelmina Rohrbeck, Dendron; Yvonne Minnaar, Suider-Paarl; C. Swanepoel, Maribogo; Susanna Snyders, Wilgenhoutsdrift.

4 FEB.: Salmon van Rensburg, Bethlehem; Johannes Botha, Pietersburg; Hella Botha, Limburg; Cornelia de Swardt, Zeerust; Estelle Moolman; Cradock; Robert Young, Houtbaai; Joan Snyders, Parow; Marie Snyders, Parow; Johannes Louw, Daljosaphat; Maria Steenkamp, Wilgenhoutsdrift; Alice van Zyl, Goodwood; Abraham van Zyl, Montagu; Susette Ritter, Somerset-Wes.

5 FEB.: Jacoba Boshoff, Philippolis; Pieter Blignaut, Hoewal; Loretta Botha, George; Susanna van Deventer, Pearston; S. W. van der Merwe, Malmesbury; Helena Steyn, Buffeljagtsrivier; Daniel Havenga, Maribogo.

6 FEB.: Magritha Korff, Dendron; Rina de Kock, Dendron; Yvonne Robbertse, Rustenburg; Catharina Kruger, Mamagalieskraal; Bartolomeus Jordaan, Noorder-Paarl; Magdalena Ross, Kirkwood; Anna Ross, Kirkwood; Petronella Vermeulen, Somerset-Oos; Renier Myburgh, Maribogo.

## VRA MAAR

Meyer-gebou 9,
Kerkstraat,
Potchefstroom.

Beste Kamerade,

Was dit nie vir julle ook 'n vreugde toe julle die eerste uitgawe van ons eie bladjie „Die Boerejeug" kon deurlees, en nogmaals deurlees nie? Hoe lank het julle en ek nie al daarna gehunker om ons eie nuusberigte en gedagtes op ons eie manier in ons eie bladjie te skryf en te lees nie.

Die eerste gedagte wat by my opgevlam het toe ek die eerste uitgawe onder oog gekry het was om my maatjies wat nie lede van ons groot Beweging, die Boerejeug, is nie, daarvan te vertel en dit aan hulle te wys. Ja, ek het die bladjie skool-toe geneem en almal die kans gegee om daarin te lees. En as hulle klaar is het ek bly uitgeroep: „Ons eie. Wil jy nie ook een van ons wees nie?" Ek is seker daar is nie een van julle wat nie dieselfde gedoen het of gaan doen nie.

En nou, aangesien ons die geleentheid het, laat ons daarvan gebruik maak en vir mekaar skryf en gedagtes aan mekaar oordra. Sal dit nie aangenaam wees as ons per pos al die belangrike sake en aangeleenthede wat ons Volksbelange raak kan bespreek nie? En nie eers te praat van die verskeie soorte -ismes waaroor ons mekaar se opinies kan verneem nie.

Ongelukkig kan ek nie aan elkeen van julle persoonlik skryf nie, maar sal graag met elke brief in „Die Boerejeug" sake wat in julle briewe aan my aangeroer word, wil behandel. Skryf maar nou dadelik en laat my weet waaroor julle wil hê ek eerste moet gesels. Adresseer alle briewe maar aan „Briewebus, Boerejeughoofkwartier, Meyergebou 9, Kerkstraat, Potchefstroom", en ek sal hulle ontvang.

Totsiens dan, tot volgende keer.

Met Boerejeug-groete,
BRANDWAG.

diens

EEUFEESPOSKAARTE
1/6
Per Dosyn

SLEUTELKETTINGS
1/6
Posgeld 2d.

FAKKELLOOPPENNINGS
Egte Silwer 30/-
Posgeld 4d.

EEUFEESMEDALJES
9d
Posgeld 2d.

DAMES MANS EN SEUNS UITRUSTERS EN SNYERS
UNIEWINKELS
(KOOPERATIEF) BEPERK
Geregistreer onder Wet Nr 29 van 1939
Kerkstraat 273 PRETORIA
Takke:
Johannesburg
Vereeniging
Benoni
Kaapstad.

# HET DR. MALAN SY HAND GEWYS?

**In sy wantroue-toespraak in die parlement verlede week het dr. D. F. Malan uit sy pad gegaan om die Ossewabrandwag in te sleep. Politieke waarnemers meen om daarin te lees wat dr. Malan se houding gaan wees in die nuwe ontwikkelings wat ontstaan het weens die hertoetrede van oud-min. Havenga tot die politiek.**

Dr. Malan het, volgens Die Burger, hom as volg uitgelaat:

**„In die oorlog het daar gevaar van geweldpleging by 'n bepaalde organisasie in die land bestaan. Spr. het egter 'n ooreenkoms met hierdie organisasie aangegaan dat hy hom van geweldpleging weerhou. Maar toe die ooreenkoms nie nagekom word nie, het spr. in 'n toespraak in die Paarl hierteen gewaarsku. Onmiddellik daarna het min. Conroy spr. aangeval en probeer om hom in onguns by die Afrikanervolk te bring."**

Aangesien hierdie deel van dr. Malan se toespraak nie in verband gebring kan word met die wanbestuur van die regering, waaroor die mosie eintlik gegaan het nie, lei waarnemers daaruit af dat dr. Malan dit ingesleep het as 'n poging om hom voor die Engelssprekende kiesers te reinig van O.B.-assosiasies. **Daarin moet gelees word 'n volharding van dr. Malan se beleid om samewerking met die Ossewabrandwag te ontwyk en hom liewer toe te lê op die werwing van Engelse stemme — 'n beleid waarteen mnr. Pieter Theron, oud-L.V., onlangs sterk gewaarsku het in Die Burger, en wat ook bots met die voorwaardes wat mnr. Havenga in die verlede vir samewerking gestel het.**

Daar word verklaar dat dr. Malan se toespraak, wat hierdie deel betref, in sekere kringe van sy koukus nie met instemming aangehoor is nie. **Daar is etlike H.N.P.-lede in die parlement wat bereid is tot samewerking met die Ossewabrandwag en ander Afrikaners buite die party. Die verskyning van mnr. Havenga op die politieke toneel mag hierdie lede voor 'n keuse stel wat rampspoedig mag blyk vir dr. Malan, indien hy volhard op die ingeslane weg, so word verklaar.**

# UNIE SAL WEL MOET OPDOK AAN AMERIKA

**Die berigte wat in die pers verskyn het oor 'n rekening van £75,000,000 wat die Unie van Amerika ontvang het vir bruikleengoedere wat tydens die oorlog ontvang is, is sowel deur genl. Smuts as min. Hofmeyr in die parlement ontken. Dit blyk egter niks anders as 'n gespeel met woorde te wees nie, want albei het erken dat die V.S.A. die Unie in kennis gestel het om samesprekings met hom te hou oor die verpligtings wat voortvloei uit ons aandeel aan bruikleenhulp.**

Namens die regering is gesê dat daar nog nie 'n bedrag vasgestel kan word nie, hoewel beamptes van die Unie-regering reeds ver gevorder het met die vasstelling van die Unie se geldelike verpligtings. Dit is dus bes moontlik dat die bedrag van £75,000,000 wat aanvanklik genoem is, min of meer 'n aanduiding is van wat die Unie se verpligtings op geskat word.

**Die feit bly egter staan dat die Unie, al het hy nie 'n formele „rekening" gekry nie — waaroor die ontkennings eintlik gaan — hy in elk geval aangeskryf is om sy skuld vir oorlogsgoedere te vereffen, en die moontlikheid is dat dit wel £75,000,000 sal wees.**

# Engeland Was Op Rand van Oorgawe

**Die feit dat Engeland gedurende 1942 geen slaankrag meer gehad het nie, word nou aan die lig gebring deur die publisering van 'n toespraak deur Churchill gehou by geleentheid van 'n geheime sitting van die Britse parlement op 23 April 1942, in die Amerikaanse blad „Times".**

„Ek moet erken dat ons die mag van die Japanners onderskat het", het Churchill gesê nadat hy die seeverliese bekend gemaak het.

„Daar was nog 'n ander ramp gedurende April", het hy vervolg. Hy het 'n beskrywing gegee van hoe Italiaanse duikers plofstowwe aan die twee Britse slagskepe in die hawe van Alexandrië geheg en hulle buite aksie gestel het.

**„Daarom het ons nou geen vloot wat die Middellandse See kan beskerm nie. Daar is geen rede waarom Duitse en Italiaanse magte Sirië, Libië, Palestina en selfs Egipte nie kan binne val nie.**

**„Soos u sien het ons binne 'n paar weke een-derde van ons slagbodems verloor, en dit op 'n tydstip dat ons 'n nuwe aanval van 'n uitgeruste vyand kan verwag," het Churchill wanhopig besluit.**

## MNR. J. D. JOUBERT OORLEDE

**Mnr. J. D. Joubert van Wolseley, oud-skoolhoof van Botha's Halte en vader van mev. dr. J. F. J. van Rensburg, is Vrydag, 25 Januarie, in die ouderdom van 69 jaar oorlede.**

**Die begrafnis het Saterdag plaasgevind. Hy laat 'n eggenote, twee dogters en 'n seun na.**

## Boeredogter Oorlede

Die Bellvillese Boeredogters het 'n gevoelige verlies gely met die heengaan van een van hul kameraadjies. Hilde Reinke wat 'n baie getroue Boeredogter was, het in die begin van die skoolvakansie begin sleg voel en is op 9 Januarie in die Stedelike Hospitaal oorlede. By die ter aardebestelling het ses Boereseuns as draertjies opgetree.

Ons innige deelneming gaan aan die bedroefde ouers en broertjie.

## Indiese „Quisling" Gehuldig

Negentien persone is gedood en ses-en-veertig beseer in Bombaai toe die polisie op 'n skare geskiet het wat die verjaardag van die Indiese nasionale leier, Subhas Chandra Bose gevier het. Bose het die beweging in Indië gelei wat in bondgenootskap was met Duitsland en Japan gedurende die oorlog.

Die oproerige skare het die polisie onder klippe en bottels gesteek toe hulle probeer het om die vergadering op te breek. Die polisie was verplig om teergas te gebruik en moes twee keer op die skare skiet om hulle te verdryf. Die oproer het uitgebrei tot ander stadsgebiede. 'n Polisiepos en 'n Kommunistiese hoofkwartier is aan die brand gesteek.

In 'n poging om die oproer te smoor, het die polisie 'n bevel uitgereik waarin persone verbied word om in groepies van meer as vyf te vergader.

# Duitse Wapens Vir Britte



Die Britte koester groot belangstelling in die gedugte wapens wat Duitse tegnici ontwerp het met die oog op aanwending in die Britse leër. Op die foto is een van die reuse-Tigertenks waarmee die Duitsers so hard geslaan het in hul Ardenne-offensief. Hy word na Engeland gebring vir ondersoek.

## Duitse Geweer Vir Britte

**'n Duitse geweer met 'n krom loop wat in staat is om om 'n hoek of uit 'n loopgraaf te skiet sonder dat die soldaat nodig het om homself te vertoon, sal 'n standaard wapen word van die Britse leër, berig die „Daily Mail".**

**Hierdie Duitse wapen, wat aan swaar toetse onderwerp is, is besonder geskik vir straatgevegte en om uit tenks afgevuur te word. Dit het 'n trefafstand van honderd treë en is maklik om te hanteer.**

## Massaverhoor Van Duitsers:

### Nuwe Beginsel

Nadat een van die aanklaers in die Neurenberg-verhoor die mening uitgespreek het dat die Nasionaal-Sosialistiese Party uit die Hitler-tydperk as 'n misdadigersorganisasie verklaar moet word sodat al sy lede voor die hof gedaag en veroordeel kan word, is ses Nazi-organisasies onwettig verklaar en ongeveer 2,000,000 Duitsers wat lid daarvan was, staan nou aangekla te word van „oorlogsmisdade".

Hierdie persone sal nie voor die hof kom nie, maar sal in spesiale kantore veroordeel word.

Regsgeleerdes wat die saak ondersoek het, meen dat die verhoor van alle lede van die Nazi-organisasie 'n onmoontlike taak is.

Met hierdie nuwe regsbeginsel om eers ses jaar lank 'n organisasie te erken deur samewerking en dan na 'n oorlog lidmaatskap daaraan strafbaar te maak, kan enige lid van enige politieke party 'n toekomstige „oorlogsmisdadiger" word.

## Sosialis As Opvolger Van De Gaulle

Die stryd tussen genl. De Gaulle en die Franse Kommuniste het verlede week uitgeloop op die bedanking van eersgenoemde as hoof van die regering. Die Kommuniste het egter die onderspit gedelf met hul poging om 'n Kommunis as staatshoof aangestel te kry.

Ten einde die Katolieke Party te isoleer het die Kommuniste die Sosialiste uitgenooi om saam met hulle 'n koalisie te vorm en 'n twee-partyregering vir Frankryk saam te stel. Die poging tot isolasie het misluk as gevolg van die weiering van die Sosialiste, wat 'n drie-partyregering verkies.

Felix Gouin, die Sosialistiese leier, is deur die Nasionale Vergadering met 'n meerderheid verkies tot staatshoof van Frankryk. Hiermee is die Kommunistiese komplot om die leiding in Frankryk oor te neem, voorlopig verydel.

Die nuwe kabinet sal bestaan uit sewe Sosialiste, ses Katolieke, ses Kommuniste en een nie-partylid.





'n Egte Suid-Afrikaanse Produk

Kry dit by u Handelaar of Apteker

Handelsnavrae: INTERNASIONALE KOPERS (EDMS.) BPK. Posbus 1380 KAAPSTAD